HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word
Goed, beter, beste!

30 Oktober 2026
NUUSBRIEF 34/2026

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. 🏏 **Mini-krieket:** Klein spelers, groot gees!

   Ons Graad 1 - 3 krieketspelers het Dinsdag en Donderdag twee wedstryde per dag gespeel. Ten spyte van die baie warm weer het ons jong spelers met groot entoesiasme en sportgees hul beste gegee!

   Saterdag wag daar nog twee wedstryde. Sterkte vir Saterdag! **Ons is trots op julle!** 🏏🌞

2. **o.11 Krieket:** 0.11 Krieket is aan die brand!

   Die Hoërskool Bonnievale se 0.11-krieketspan het die seisoen op 'n uitstekende noot afgeskop! Tot dusver het ons manne al vier hul wedstryde gewen – 'n besonderse prestasie waarop ons baie trots kan wees. Die span se toewyding en gereelde bywoning van oefeninge verdien groot lof. Hierdie harde werk word duidelik weerspieël in hul kolf- en boulwerk, wat deurgaans verbeter. Dit plaas druk op die teenstanders en help ons manne om wedstryde met selfvertroue aan te pak.

   Gedurende hierdie kwartaal het ons teen Buffeljags, BPS, Montagu en Swellendam te staan gekom. Wat veral verblydend is, is die goeie spangees wat op die veld sigbaar is. Die manne moedig mekaar aan, bou mekaar op en vier elke sukses as 'n span. Dit is wonderlik om te sien hoe hulle saam groei en ontwikkel.

   Ek wil graag die volgende spelers gelukwens met hul besonderse individuele prestasies:

   Zack van Wyk – 'n uitstekende 53 lopies, onoorwonne, teen BPS.

   Wilhelm de Wet, oftewel "Vanwyk", soos ek hom graag noem – 'n puik boulvertoning waarin hy vyf paaltjies vir slegs vyf lopies in vier boulbeurte geneem het.

   Welgedaan, manne! Julle harde werk en uitstekende prestasies maak ons baie trots.

   'n Opregte woord van dank gaan ook aan ons ouers. Wedstryd ná wedstryd is daar 'n entoesiastiese groep ouers langs die veld wat die spelers aanmoedig, motiveer en ondersteun. Hierdie positiewe betrokkenheid maak 'n groot verskil en dra by tot die genot en sukses van ons krieket. Dit is 'n voorreg om so 'n toegewyde ouerondersteuningspan by Hoërskool Bonnievale te hê. Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning!

Ek wil ook graag vir **Lelise Scheepers** en **Benjamin Plaatjies** bedank vir die getroue byhou van die telling tydens ons wedstryde. Julle hulp en betrokkenheid word opreg waardeer.

Dit is duidelik dat krieket by Hoërskool Bonnievale besig is om sterk te groei. Hierdie vordering is te danke aan die harde werk en toewyding van ons afrigters, die leerders se bereidwilligheid om te oefen en hul opregte liefde vir die spel.

Ons sien met groot opgewondenheid uit na die res van die seisoen. Hou so aan, manne – die toekoms van Bonnievale-krieket lyk blink!

3. **o.13 Krieket:** Die o.13 Krieketspan het Woensdag teen Laerskool Montagu tuis op ons velde gespeel. Montagu het eerste gekolf en 96 lopies aangetek. **Steyn Lombaard** het uitgestaan met goeie boulwerk. Bonnies teken toe die wenlopies aan met 11 balle oor en 2 paaltjies staande. **Lian van Tonder** en **Jaston Conradie** blink uit met die kolf. **Baie geluk manne.**

4. **Swem:** Daar neem **Vrydag** ‘n groep van 43 laerskool swemmers aan die Rûens swemgala deel. Ons wens hulle sterkte toe. Doen jul bes. **Ons is trots op julle!**

5. **Tweekamp:** Daar neem **Saterdag** 13 HSB Tweekampers deel van die Tweekampbyeenkoms in Rûens. Sterkte en doen julle bes. **Hou die Bonnies naam hoog!**

6. **Personalia:** Ons as Bonnies neem vandag afskied van me. L de Wet (tannie Lize). Na byna 4 jaar as deel van ons skool gaan sy beslis gemis word hier by Bonnies. Ons wens haar alle sterkte toe op haar nuwe lewensreis wat sy aanpak.

7. **Skoolure:** Let asb daarop dat skoolure van volgende week af **(Maandae – Vrydae) 8:00 – 13:00** sal wees.

8. **Vakansiedag:** Woensdag, **4 November**, is Verkiesingsdag. Skool sal dus gesluit wees.

9. **Algemeen:** Baie dankie aan **Corné** van **Pieterse Ingenieurswerke** vir julle goeie diens en dat julle altyd bereid is om te help. Ons kry altyd baie goeie diens. Dankie daarvoor.

10. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 30 Okt	Rûens Kollege Swemgala
Sa. 31 Okt	Mini-krieket te Worcester-Noord Tweekamp te Rûens Kollege
Vr. 6 Nov	HSB Control Union Swemgala
Ma. 16 Nov	Tannie Desireé Wentzel verjaar
Do. 19 Nov	Juf Cornel Matthysen verjaar
Sa. 21 Nov	Tweekamp te Worcester Gimnasium
Wo. 4 Nov	Vakansiedag – Verkiesing
Di. 24 Nov	Juf Mari Boshoff verjaar
Vr. 27 Nov	Redaksie Uitstappie
Sa. 28 Nov	Tweekamp te HSB

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



Mnr. R. Olivier
Skoolhoof

Wenners oefen as die res rus!!!